

Woensdag 5 November

**Skrifgedeelte: Johannes 17:1-26**

**Fokusgedeelte: Johannes 17:9 (AFR53)**

**Jesus pleit vir die uitverkorenes by God die Vader!**

Hoeveel goed in die wêreld oorlaai jou as gelowige? Dit oorlaai ons so dat ons emosioneel uitgeput is, oorlaai is, hartseer is, terneergedruk is, ensovoorts. Maar dan kom die troosryke Woord van God: Jesus bid/pleit vir jou by die Vader. Ons is nie alleen te midde van die sake in ons lewe, of dit nou goed is en of dit ons oorlaai nie.

As Jesus vir sy dissipels, volgelingen bid in Johannes 17, dan pleit Hy vir hulle by God die Vader. Hy tree vir hulle in as Voorspraak en smeek vir hulle bewaring (vs 11, 15), dat die blydschap van God in hulle kan wees (vs 13). Vir hulle toegewydheid in die verkondiging van die waarheid (vs 17, 19), hulle eenheid (in roeping en diensbaarheid) in God (vs 22, 23) en dat die Heilige Gees en liefde in sy volgelingen sal wees en bly (vs 24, 26). Jesus pleit vir die gelowiges (1 Joh. 2:1), want God die Vader het Hom die opdrag gegee. Hy het as Voorspraak/advokaat gekom na die wêreld om in die uitverkorenes se plek te pleit. Jesus kan vir ons pleit by die Vader, omdat Hy self op aarde was en beleef het wat ons as mens beleef. Hy weet waardeur ons gaan en hoe moeilik die lewe is. Hy het self lyding ondergaan en het self geen Voorspraak gehad aan die kruis nie. Hy het as onskuldige vir ons skulde aan die kruis gehang.

Wees daarom toegewyd in jou diensbaarheid en dankbaarheid in die Here. Hy ken al ons tye van vreugde, seerkry of swaarkry. En tree vir ons in by die Vader vir ons onthalwe. Mag God jou deur sy Woord en Heilige Gees troos en blydschap daarin gee dat God jou hart, emosies en omstandighede ken. Jesus pleit vir jou by die Vader om sterk te staan in die geloof. Jy is sy uitverkore kind en Hy is jou Hemelse Vader.

*Sing: Skrifberyming 14-2  
Ds. JH (Jacques) Kühn (Tsumeb)*